Oud-Heilbron presteer

Blanche Nortje, oud-leerling van Hoërskool Heilbron, en tans werksaam by Hoërskool Florida, in Roodepoort. Sy het op 2 November 'n toekenning ontvang by 'n spoggeleentheid gehou deur die Minister van Onderwys, Mnr Lesufi. Sy het 'n tweede plek behaal by die National Teaching Awards, Gauteng, in die kategorie: Excellence in Physical Science Graad 10 – 12.

Kransfontein Resiesduifklub prysuitdeling

Op 3 November 2018 het Kransfontein Resiesduif Klub op Reitz hul jaarlikse prysuitdeling gehad. Uitslae was soos volg: Eerste plek – FED Hokke, tweede plek – Wolmarans Hokke, derde plek – Du Plessis Hokke, vierde plek – Liefde Hokke, vyfde plek – Spartan Pigeons, sesde plek – Fourie Hokke, sewende plek – Griesel Hokke, agste plek – Jakes Jacobs, negende plek – Bosman en Seuns en in die tiende plek eindig Front To Batch Lofts. FED Hokke was ook die Federasie kampioen en vier ander lede het ook onder die top 10 in die Federasie geëindig. Tussen die twee juniors was die kompetisie sterk, waar Handro Hokke eerste was en Gerhard Hokke tweede. Handro Hokke is ook die junior klub kampioen, asook junior Federasie kampioen.

Op die foto bo: Twee klub en Federasie kampioene: Mnr Danie van Niekerk en Handro Swart.

Foto regs bo: Mnr Danie van Niekerk, mev Martie Griesel en mnr Riaan Kriel (klub voorsitter).

Foto regs onder: Junior klub kampioen en FED kampioen: Mev Martie Griesel, mnr Riaan Kriel en Handro Swart (klub voorsitter).

Kleurvolle sonskyndag by Hoërskool Heilbron

Hoërskool Heilbron was verlede week vrolik in pienk blomme en balonne opgetooi. Die laerskooldogters en hul mamma's het tydens hierdie kleurvolle dag, heerlik piekniek gehou en hulself opgetooi in hoede. Op die heerlike sonskyndag is daar lekker saamgekuier en gelag. Foto's: Hoerskool Heilbron Facebook-blad